Dames en here,

GROOTfm 90.5 en die GROOTontbyt bied aan:

jou GROOT TALENT

'n Nasionale kuberfees van die kunste!

Klim hierdie jaar op die GROOT verhoog, want ons is die ene oë en ore om die sangers, akteurs, sprekers en instrumentaliste van Suid-Afrika se pragtige talente saam met hulle te geniet en te vier! Dalk is jy al heel tuis voor die skare of skraap vir die eerste keer jou moed bymekaar... Hierdie kuber-Kunstefees se virtuele verhoog is groot genoeg vir enige en elke vlak van ervaring en dié slag kan jy uithaal en wys met 'n video-opname van jou item in die gemak van jou huis sonder die angs en sweet van 'n saal vol mense en dit met 'n paneel van beoordelaars wat glo: *"Om deel te neem is goed. Om te wen, seker beter, maar om dit te geniet, is die beste!"*

Afdelings

1. **Drama**:
   - D1 - Poësie
   - D2 - Prosa
   - D3 - Poetry
   - D4 – Prose
2. **Lees**:
   - L1 - Poësie
   - L2 - Prosa
   - L3 - Poetry
   - L4 – Prose

DIE GROOT ONTBYT

GROOTFM GAAN GROOT 90.5

3. **Redenaars**: Slegs Afrikaans, oop tema vir enige van die 3 soorte toesprake:
   - R1 - Oorredende toespraak
   - R2 - Inspirerende toespraak
   - R3 - Vermaaklikheidstoespraak
4. **Sang**: Enige *genre* – slegs A Capella inskrywings.
5. **Instrumentaal**: Enige instrument - begeleiding of agtergrondklankbaan is opsioneel.

Kategorieë

Graad 1 – 3
Graad 4 – 5
Graad 6 – 7
Graad 8 – 9
Graad 10 – 12
Oopafdeling – studente en volwassenes

Tydsduur van items

Alle drama-, lees-, sang- en instrumentale items het slegs ‘n maksimum tyd van 2 minute lank (geen minimum tyd). Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer as die voorgeskrewe tyd praat, sing, speel of lees, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.

Redenaars se tydsduur werk as volg:

Graad 1 – 3	2-4 minute
Graad 4 – 5	3-5 minute
Graad 6 – 7	4-6 minute
Graad 8 – 9	5-7 minute
Graad 10 – 12	5-7 minute
Oopafdeling – studente en volwassenes	5-7 minute

Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer of korter as die voorgeskrewe tyd praat, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.

Toekennings

Elke deelnemer sal 'n elektroniese sertifikaat per e-pos ontvang met 'n simbool wat as volg toegeken word:

A++ 90-100%
A+ 85-89%
A 80-84%
B+ 75-79%
B 70-74%
C 60-69%

Geen punte sal bekendgemaak word nie en slegs die beste deelnemers in elke afdeling en kategorie sal op GROOTfm 90.5 se webblad aangekondig word.

Inskrywings

1. Hierdie volledige **jouGROOTtalent** gids met riglyne vir elke afdeling asook die inskrywingsvorm is op www.grootfm.co.za beskikbaar.
2. **Inskrywingsfooi** is R120 per item.
3. **Sluitingsdatum** vir alle inskrywings is **21 Augustus 2020 (23:59).**
4. Die inskrywingsvorm, bewys van betaling en **WeTransfer** skakel na jou video, word alles saam ge-e-pos na jougroottalent@grootfm.co.za. (Videos van tot 2GB kan gratis via **WeTransfer** gestuur word - www.wetransfer.com. Riglyne van hoe om **WeTransfer** te gebruik, is beskikbaar aan die einde van hierdie gids)
5. Leesitems se leesstukke moet asseblief saam met die video gestuur word.
6. Merk asseblief die deelnemer se naam en van, afdeling en kategorie, duidelik in die "subject line" van jou e-pos bv. *Blommetjie vd Merwe, Sang, Graad 4.*

Betaling

Rekeningnaam: GROOTFM905 NPC
ABSA – Tjekrekening 1500 166 416
Takkode: 632005 Brooklyn
Verwysing: Talent + Naam en Van (TalentBlommetjievdMerwe)
Swiftcode: ABSAZAJJ

Video-wenke

1. Kies ‘n stil vertrek met ‘n skoon agtergrond en genoeg beligting.
2. Die beoordelaar wil graag jou kop, skouers, liggaam en bene sien, maar ons hoef nie jou voete te sien nie. (Gesigsuitdrukkings is belangrik vir die drama-, lees-, sang- en redenaarsafdelings.)
3. Die kwaliteit van jou video moet goed genoeg wees dat ons jou mooi duidelik kan hoor en sien.
4. Hou die selfoon stil tydens die opname.
5. Skakel die “airplane mode” funksie aan sodat die foon nie dalk per ongeluk lui tydens die opname nie.
6. Begin die video deur jouself voor te stel en gee die afdeling waaraan jy deelneem: *“My naam is Blommetjie van der Merwe. Ek is in Graad 4 in Laerskool Groot. Ek neem deel aan redenaars – oorredend.”*
7. Maak oogkontak met die kamera.
8. Die video van die item mag nie in dele opgebreek word en dan gelas of geredigeer word nie – dit moet ‘n aaneenlopende opname van die item wees en as een geheel aangestuur word. Slegs een video opname van die item mag gestuur word.

Reëls

1. Hierdie volledige **jouGROOTtalent** gids met **riglyne** vir elke afdeling is op www.grootfm.co.za beskikbaar. Let op elke afdeling en kategorie se spesifieke **kriteria** en **tydsbeperking**.
2. Geen professionele sangers, akteurs, sprekers of instrumentaliste mag deelneem nie – slegs **amateurs**. (Professioneel: iemand wat gereeld betaal word om op te tree of produkte/CD's aan die publiek verkoop.)
3. Alle inskrywings is in **video-formaat** en word via **WeTransfer** gestuur.
4. Alle inskrywings (**skakel** na WeTransfer, saam met **bewys van betaling** en **inskrywingsvorm**) word per **e-pos** ontvang: jougroottalent@grootfm.co.za (Riglyne van hoe om **WeTransfer** te gebruik is beskikbaar aan die einde van hierdie gids.)
5. **Kleredrag**: Netjies/Skooldrag
6. Die **item** wat gelewer word moet pas by die deelnemer se **ouderdom** asook die afdeling, soort toespraak of kategorie waarvoor ingeskryf word.
7. Geen onwelvoeglike taalgebruik, inhoud of kleredrag.
8. Sodra die item beoordeel is, word die **sertifikaat** met die **simbool** per e-pos aan die deelnemer gestuur.
9. Geen **punte** sal bekendgemaak word nie en slegs die **beste deelnemers** in elke afdeling en kategorie sal op **GROOTfm 90.5** se webblad verskyn.
10. Geen korrespondensie sal gevoer word met betrekking tot die uitslae nie en die beoordelaars se beslissing is finaal.
11. Die persoon/persone wat inskryf **vrywaar** Die Bloudruk Groep (GROOTfm 90.5 en Die GROOT Ontbyt) van enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van enige aard wat so 'n persoon/persone moontlik mag ly.
12. GROOTfm 90.5/Die GROOT Ontbyt behou die reg voor om die videomateriaal, of enige geredigeerde weergawe daarvan, op enige GROOTfm 90.5/Die GROOT Ontbyt platform, hetsy sosiale media, webblad, radio of TV, te gebruik of nie. (Die standaard en goedkeuring vanaf radio- en TV-inhoud, sal bepaal of enige materiaal uitgesaai kan word, al dan nie.)

13. Enige en alle navrae moet gerig word aan: jougroottalent@grootfm.co.za. Geen navrae sal per whatsapp, SMS of Facebook hanteer word nie.

Kriteria en riglyne

Drama-afdeling

- Daar is vier items in die drama-afdeling: Afrikaans poësie, Afrikaans prosa, Engels poetry en Engels prose.
- Enige gedig of prosa-stuk wat pas by die deelnemer se ouderdom kan gebruik word.
- Die item moet gememoriseer word.
- Dit is nie 'n gedramatiseerde afdeling waar die verhoog en die gebruik daarvan beoordeel word nie, maar die deelnemer mag wel in 'n staande posisie sy/haar hande gebruik om op 'n natuurlike manier lewe aan die item te gee.
- Skooldrag/netjiese drag.
- Alle drama items het slegs 'n maksimum tyd van 2 minute lank (geen minimum tyd). Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer as die voorgeskrewe tyd praat, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.
- Begin die video deur jouself voor te stel en gee die afdeling waaraan jy deelneem: *"My naam is Blommetjie van der Merwe. Ek is in Graad 4 in Laerskool Groot. Ek neem deel aan Drama: Afrikaans - prosa."*

Lees-afdeling

- Daar is vier items in die lees-afdeling: Afrikaans poësie, Afrikaans prosa, Engels poetry en Engels prose.
- Enige gedig of prosa-stuk wat pas by die deelnemer se ouderdom kan gebruik word.
- 'n Duidelike afskrif van die leesstuk moet saam met die inskrywing ge-e-pos word.
- Dit is nie 'n voordragafdeling nie en items wat voorgedra of opgesê word sal ongelukkig gediskwalifiseer word.

- Dit is nie ‘n gedramatiseerde afdeling nie, maar die deelnemer mag wel sy/haar hande gebruik om op ‘n natuurlike manier lewe aan die item te gee.
- Alle lees-items het slegs ‘n maksimum tyd van 2 minute lank (geen minimum tyd). Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer as die voorgeskrewe tyd lees, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.
- Skooldrag/netjiese drag.
- Begin die video deur jouself voor te stel en gee die afdeling waaraan jy deelneem: *“My naam is Blommetjie van der Merwe. Ek is in Graad 4 in Laerskool Groot. Ek neem deel aan die Lees-afdeling: Afrikaans poësie.”*

Redenaarsafdeling – Slegs Afrikaans en voorbereid

- Enige tema mag gebruik word, solank die inhoud pas by die deelnemer se ouderdom. Ons moedig sprekers aan om hulle eie opinies en ondervinding uit hulle leefwêreld te deel.
- Elke toespraak, ongeag watter soort, bestaan uit ‘n inleiding, drie argumente/punte en ‘n slot. (Ons tref wel onderskeid tussen drie argumente by ‘n oorredingstoespraak en drie punte by die vermaaklikheids- en inspirasie toespraak.)
- Skooldrag/Netjiese drag
- Redenaars se tydsduur werk as volg:

Graad 1 – 3	2-4 minute
Graad 4 – 5	3-5 minute
Graad 6 – 7	4-6 minute
Graad 8 – 9	5-7 minute
Graad 10 – 12	5-7 minute
Oopafdeling – studente en volwassenes	5-7 minute

  Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer of korter as die voorgeskrewe tyd praat, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.
- Begin die video deur jouself voor te stel en gee die afdeling waaraan jy deelneem: *“My naam is Blommetjie van der Merwe. Ek is in Graad 4 in Laerskool Groot. Ek neem deel aan die redenaars – oorredend.”*

- **Oorredend**
  - Die toespraak moet beredenerend wees en jy moet die gehoor van jou standpunt, opinie, lewensbeskouing of idees probeer oortuig.
  - Struktuur: Inleiding, drie argumente en slot.
  - Bronne: Daar moet een geloofwaardige bron per argument wees.

- **Inspirerend**
  - Die toespraak moet die gehoor inspireer, motiveer of laat moed of hoop skep met praktiese wenke, toerusting, voorstelle of idees om sekere doelwitte te behaal. Die aanbieding is gesellig, inspirerend en minder formeel.
  - Struktuur: Inleiding, drie punte en slot.
  - Bronne, artikels, aanhalings of voorbeelde kan gebruik word om jou idees, standpunt of opinie te ondersteun of te versterk.

- **Vermaaklikheidstoespraak**
  - Die toespraak moet die gehoor vermaak in 'n ontspanne atmosfeer met 'n gemaklike, informele aanbieding waarin jy selfs 'n gepaste hulpmiddel of beweging mag gebruik.
  - Struktuur: Inleiding, drie punte en slot
  - Bronne, artikels, aanhalings of voorbeelde kan gebruik word om jou idees, standpunt of opinie te ondersteun of te versterk.

Sang-afdeling:

- Alle sangitems is slegs A Capella (sonder enige begeleiding of *backtrack*).
- Enige *genre* mag gesing word en word almal in dieselfde afdeling beoordeel.
- Die lied en woorde moet pas by die deelnemer se ouderdom en stemomvang.
- Die lied moet gememoriseer word, m.a.w. indien jy die woorde van 'n papier af sing, sal dit jou punt ongelukkig beïnvloed.
- Alle sang-items het slegs 'n maksimum tyd van 2 minute lank (geen minimum tyd). Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer as die voorgeskrewe tyd sing, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.

- Drag: Netjiese drag
- Begin die video deur jouself voor te stel en gee die besonderhede van die lied wat jy sing: "*My naam is Blommetjie van der Merwe. Ek is in Graad 4 in Laerskool Groot. Ek sing Love Story van Taylor Swift.*"

Instrumentale afdeling:

- Enige instrument kan bespeel word hetsy snaar-, blaas-, elektroniese instrumente of dromme.
- Elke inskrywing word beoordeel volgens die vernuf, kundigheid en aanbieding van daardie deelnemer.
- Deelnemer moet self die instrument speel, maar kan begelei word deur iemand op klavier of kitaar (geen duet-werk egter nie). Begeleiding of die gebruik van agtergrondklankbane dus opsioneel, nie verpligtend nie.
- Sou die deelnemer deur 'n orkes begelei word, word slegs die hoofinstrument/deelnemer beoordeel - nie die orkes nie.
- Alle instrumentale-items het slegs 'n maksimum tyd van 2 minute lank (geen minimum tyd). Vir elke 10 sekondes (of gedeelte daarvan) wat die deelnemer langer as die voorgeskrewe tyd speel, sal 1 punt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.
- Drag: Netjies
- Begin die video deur jouself voor te stel en gee die besonderhede van die lied wat jy speel: "*My naam is Blommetjie van der Merwe. Ek is in Graad 4 in Laerskool Groot. Ek speel Love Story van Taylor Swift.*"

Mediaskakels:	#**jouGROOTtalent**
Facebook:	**@grootfm**
Instagram:	**@grootfm90.5**
E-posadres:	jougroottalent@grootfm.co.za
Webblad:	www.grootfm.co.za

DIE GROOT ONTBYT

GROOTFM GAAN GROOT 90.5

Hoe om WeTransfer te gebruik

STAP 1: Gaan na die webblad: www.wetransfer.com

STAP 2: Klik op “**Send a file**?”

STAP 3: Klik op die blou sirkel met ‘n + teken: **“Add your files”**





STAP 4: “**Choose an action**” – Kies “**Files**”

STAP 5: Kies die regte video wat jy wil oplaai.

STAP 6: Gee ‘n **beskrywing** van die video: “Blommetjie vd Merwe…”

DIE GROOT ONTBYT
GROOTFM GAAN GROOT 90.5



STAP 7: Klik op die blou blokkie: "**Next**"

STAP 8: Klik die opsie: "**Get a link**."

STAP 9: Klik die blou blokkie: "**Transfer**"

STAP 10: Klik die blou blokkie: "**Copy link**"

STAP 11: Stuur die **link**/skakel in 'n e-pos saam met jou **inskrywingsvorm** en **bewys van betaling** na jougroottalent@grootfm.co.za. (Lees-items se leesstukke moet asseblief saam met die video gestuur word.) Merk asseblief die deelnemer se naam en van, afdeling en kategorie, duidelik in die "subject line" van jou e-pos bv. "*Blommetjie van der Merwe, Redenaars, Graad 6."*